

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE V2

FEBRUARIE/MAART 2017

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 30 PUNTE – 20 MINUTE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A–C) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

VOORBEELD:				
1.1.9	**A**	**B**	**C**	**D**

1.1.1 Oor die lang termyn sal 'n individuele besigheid in volmaakte mededinging in ewewig wees as marginale …

A inkomste gelyk is aan totale koste.
B koste gelyk is aan gemiddelde veranderlike koste.
C koste gelyk is aan marginale inkomste.

1.1.2 'n Onvolmaakte mark waar inligting volledig is:

A Monopolie
B Monopolistiese mededinging
C Oligopolie

1.1.3 Die vraagkromme van 'n monopolistiese mededinger …

A het 'n positiewe helling.
B het 'n negatiewe helling.
C is horisontaal.

1.1.4 'n Voorbeeld van 'n vastekoste-item:

A Elektrisiteit
B Huur
C Telefoon

1.1.5 Hooflyn-inflasie word deur die SARB gebruik om oor die vlak van … te besluit.

A indiensneming
B die rentekoers
C produksie

1.1.6 Buitelanders wat na Suid-Afrika reis, word as … toeriste beskou.

A binnelandse
B uitgaande
C inkomende

1.1.7 Die bywoning van 'n sportgeleentheid is 'n voorbeeld van … toerisme.

A kulturele
B eko-
C sake-

1.1.8 Kerninflasie sluit items met … pryse uit.

A hoë
B stabiele
C wisselvallige (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A	KOLOM B
1.2.1 Marginale koste	A die minimum verdienste vereis om te voorkom dat 'n entrepreneur die besigheid verlaat
1.2.2 Samespanning	B die owerheid stel regulasies vas wat omgewingstandaarde afdwing
1.2.3 Belasting	C die addisionele koste wanneer 'n ekstra eenheid vervaardig word
1.2.4 Normale wins	D die storting van afval op die aardoppervlak
1.2.5 Inflasie	E 'n ooreenkoms tussen besighede met die doel om mededinging tussen hulle te beperk
1.2.6 Bevel en beheer	F ekonomiese wins
1.2.7 Geweegde indeks	G inmenging deur die owerheid om eksterne koste te verhaal
1.2.8 Grondbesoedeling	H toon die relatiewe belangrikheid van 'n item in 'n mandjie goedere en dienste wat in die berekening van inflasie gebruik word
	I 'n styging in die algemene prysvlak in 'n sekere jaar

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 'n Markstruktuur waar slegs twee besighede die mark oorheers

1.3.2 Produkte wat identies en gestandaardiseerd is

1.3.3 'n Monopolie wat as gevolg van hoë ontwikkelingskoste bestaan

1.3.4 'n Inflasiekoers van meer as 50%

1.3.5 Die proses om die omgewing op so 'n wyse te bestuur dat dit ongeskonde bly

1.3.6 Die verskaffing van goedere en dienste soos paaie, telefoonlyne, radio- en televisiedienste (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE soorte ondoeltreffendhede wat in die onvolmaakte mark kan voorkom. (2 x 1) (2)

2.1.2 Wat sou gebeur as besighede in 'n oligopolistiese mark in pryse meeding? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MONOPOLIE



2.2.1 Wat is die verkoopprys vir die monopolis? (1)

2.2.2 Illustreer die ewewigsposisie hierbo 'n kort termyn of 'n lang termyn? (1)

2.2.3 Hoekom sal 'n monopolis altyd op lang termyn 'n ekonomiese wins maak? (2)

2.2.4 Wat is die vereiste vir hierdie monopolie om as 'n kunsmatige monopolie geklassifiseer te word? (2)

2.2.5 Bereken die totale wins wat hierdie monopolis maak. Toon ALLE berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

[Aangepas uit Internet Cartoons]

2.3.1 Watter oorsaak van markmislukking word hierbo geïllustreer? (2)

2.3.2 Beskryf kortliks die term *markmislukking*. (2)

2.3.3 Hoe kan arbeid as 'n produksiefaktor meer beweeglik raak? (2)

2.3.4 Hoe poog die Suid-Afrikaanse regering om die probleem van inkome-ongelykheid op te los? (2 x 2) (4)

2.4 Vergelyk *monopolistiese mededinging* met *volmaakte mededinging*. (4 x 2) (8)

2.5 Verduidelik hoekom owerhede somtyds met 'n projek voortgaan, selfs al oorskry die private koste die private voordele in 'n kostevoordeel-ontleding. (8)
[40]

VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE oorsake van koste-druk-inflasie. (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter uitwerking sal groenbelasting hê op die produksie-uitset van 'n besigheid wat 'n negatiewe eksternaliteit veroorsaak? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

INTERNASIONALE TOERISTE-AANKOMSTE IN SUID-AFRIKA		
MARKTE	**2014**	**2015**
Afrika (land)	1 713 543	1 617 570
Afrika (lug)	102 006	95 332
Amerikas	107 859	92 710
Asië en Australasië	103 903	81 498
Europa	405 894	402 223
Totale toeriste-aankomste	**2 435 341**	**2 292 169**

[Bron: www.southafrica.net]

3.2.1 Identifiseer TWEE markte in die tabel wat in 2015 die meeste tot toerisme in Suid-Afrika bygedra het. (2 x 1) (2)

3.2.2 Stel moontlike redes voor wat tot 'n algemene afname in internasionale toerisme in 2015 gelei het. (2 x 2) (4)

3.2.3 Bereken die persentasie afname in totale toeriste-aankomste in Suid-Afrika tussen 2014 en 2015. Toon ALLE berekeninge. (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

AARDVERWARMING EN KLIMAATSVERANDERING

Die omgewingsprobleme van aardverwarming en klimaatverandering is werklike bedreigings vir die oorlewing van plante en diere. Deur verskeie konferensies het die Verenigde Nasies gepoog om hierdie kwessies te hanteer.



[Aangepas uit www.google.co.za]

3.3.1 Wat is die uitwerking van die vrystelling van kweekhuisgasse op die omgewing? (2)

3.3.2 Watter boodskap word deur hierdie spotprent oorgedra? (2)

3.3.3 Noem die internasionale ooreenkoms wat gesluit is om aan aardverwarming en klimaatsverandering aandag te gee. (2)

3.3.4 Hoe kan die wêreld die neiging tot aardverwarming stop? (2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen *produsenteprysindeks* en *verbruikersprysindeks*. (2 x 4) (8)

3.5 Hoekom word Suid-Afrika as 'n groot lugbesoedelaar in die wêreld beskou? (8)
[40]

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE metodes van nieprys-mededinging. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe kan 'n daling in besparing die ekonomie negatief beïnvloed? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

MINIMUM LONE

Daar is verskillende kategorieë in Suid-Afrika waar minimum lone toegepas word: siviele ingenieurswese, kontrak-skoonmaakdienste, huiswerkers, plaaswerkers, bosbou, gasvryheid, leierskaptoelaes, privaat sekerheid, groot- en kleinhandel, taxi's en die minimum loon van die bedingingsraad. In die Verenigde Koninkryk is daar egter 'n nasionale minimum loon wat alle sektore insluit.



4.2.1 Identifiseer enige TWEE sektore in Suid-Afrika waar minimum lone toegepas word in die uittreksel hierbo. (2 x 1) (2)

4.2.2 Beskryf die term *minimum loon* kortliks. (2)

4.2.3 Wat is die voordeel om 'n nasionale minimum loon te hê, eerder as 'n minimum loon per sektor? (2)

4.2.4 Verwys na die grafiek hierbo en verduidelik die implikasie van die R3 500 minimum loon wat deur die regering ingestel is. (2 x 2) (4)

4.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

INFLASIE EN EKONOMIESE GROEI

Inflasie was nog nooit goed vir die ekonomie nie. Wanneer verwagte inflasie egter heers, doen owerhede regoor die wêreld die nodige stappe om inflasie tot 'n sekere mate te verminder. Inflasie en ekonomiese groei is parallelle lyne wat nooit kan kruis nie. Inflasie verminder die waarde van geld en maak dit vir die gewone mens moeilik om te oorleef. Inflasie en ekonomiese groei is onversoenbaar omdat eersgenoemde alle sektore raak.

[Bron: www.fin24.com]

4.3.1 Wat, volgens die uittreksel, is die effek van inflasie op geld? (2)

4.3.2 Beskryf die term *stagflasie* kortliks. (2)

4.3.3 Watter uitwerking het 'n styging in rentekoerse op inflasie? (1 x 2) (2)

4.3.4 Wat is die negatiewe effekte van inflasie op ekonomiese groei? (2 x 2) (4)

4.4 Verduidelik die rolle wat deur enige TWEE sleutelinstellings wat mededinging in Suid-Afrika monitor, gespeel word. (2 x 4) (8)

4.5 Tot watter mate is inflasieteikens voordelig vir die ekonomie? (8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding	Maks. 2
Liggaam **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor	Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is • Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE

In 'n volmaakte mark beïnvloed die nywerheid in 'n sekere mate die optrede van 'n individuele besigheid.

- Verduidelik, met behulp van grafieke, die volgende oor 'n individuele besigheid onder toestande van volmaakte mededinging:
  - Die effek op prys indien die individuele vervaardiger sy uitset (aanbod) vermeerder of verminder
  - Die afleiding van die aanbodkurwe vanaf kostekurwes vir die individuele vervaardiger (26)
- Verduidelik, sonder die gebruik van 'n grafiek, hoekom die prys van 'n produk onder volmaakte mededinging gelyk sal wees aan die laagste punt van die langtermyn gemiddelde kostekromme. (10) **[40]**

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE

Toerisme speel 'n belangrike rol en kan die ekonomie negatief of positief beïnvloed.

- Ondersoek die uitwerking van toerisme op die volgende:
  - Armoede
  - Indiensneming
  - Eksternaliteite (26)
- Hoe kan Suid-Afrika binnelandse toerisme bevorder? (10) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou